# GELD PRAAT

MARKUS 12:28-34; 38-44

Die spreekwoord sê *"Geld wat stom is, maak reg wat krom is"*. Die Engelse spreekwoord sê die skynbaar teenoorgestelde: *"Money talks"* - Geld praat!
Wat sê JY? Dalk sê jy ook: *"Ja, geld praat, maar al wat my geld altyd sê, is 'Koebaai!' "*
As ek reg na die Bybel luister, is geld glad nie so stom nie! Dit sê nogal baie!

Jesus sit by die offergawekis in die tempel en kyk hoe die mense wat daar verbykom, geld daarin gooi.
1. Hy is geïnteresseerd in die mense se bydraes. **Waarom?** Dis mos nie asof dit vir HOM bedoel was nie? Eerstens dalk omdat …

1.1 Die geld wat in die kis geplaas is, was '**n blyk van erkenning van God se eienaarskap.** As daardie geldstukke kon praat, sou dit gesê het: *"Ons behoort aan die Here!"* Die gee van 'n bankoffer/ dankoffer/ lofoffer is die erkenning dat alles wat ek het in elk geval van God af **kom** en eintlik maar nog **Syne** is. (Dawid - Ps 24:1 *"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en die wat daar woon, alles behoort aan die Here" Ons = Sy* ***bestuurders*** *daarvan*)

1.2 Jesus stel ook belang, want menslik gesproke is geld **die middel waardeur die koninkryk van God uitgebrei word**. Niks kan sonder geld gebeur nie. Alles kos geld. Wie geld in die offerkis plaas, help dit finansieël moontlik maak dat Jesus se werk op aarde voortgesit kan word. Die kerk het nie beleggings wat rente oplewer, aandele, plase, myne en besighede nie. Die geld waarmee die kerk probeer om sy taak uit te voer, kom uit die sakke van die lidmate. Wanneer 'n gemeente nie geld het nie, word sy magte aan bande gelê. Hy word in 'n groot mate verlam.

1.3 Wat ons met geld doen, **sê derdens iets oor ons karakter**. Dit sê miskien ek is 'n *plesiersoeker*; of 'n soeker na die *bewondering* van mense; of ek is 'n *verkwister*, of ek is *mededeelsaam*. Wanneer ek dit in God se werk belê, is dit 'n aanduiding dat ek aan God behoort en dat *Jesus in my leef*. Paulus – voorbeeld van die Here Jesus: *"Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word."* (2 Kor 8:9) Hy was mededeelsaam en onselfsugtig.

1.4 Dit is 'n aanduiding van **hoe ernstig ek die gebod** om God bo alles en my naaste soos myself lief te hê, opvat (:29-31). Paulus noem

die gee van ons bydraes nie verniet ‘n ***“liefdeswerk”*** en ‘n **toets** vir die opregtheid van ons liefde nie (2 Kor 8:6,8). Die **Fariseërs** het voorgegee dat hulle baie godsdienstig is, maar het nie gehuiwer om die huise van die weduwees in te palm vir eie gewin nie. Hierdie arm weduwee, daarteenoor, het alles vir die Here gegee wat sy gehad het.

Dit is dalk ‘n **paar van die redes** waarom Jesus opgelet het na wat die mense in die offergawekis gooi. Hy sal seker om **dieselfde redes** vandag nog geïnteresseerd wees in ons bydraes. **Geld praat**. Dit sê belangrike goed oor myself en my verhouding met die Here en met ander. tweedens:

2. **Haar klein bydrae dra ‘n groot boodskap.**

2.1 **Sy dra nie by ter wille van die applous nie**. *Besighede* is bereid om groot bedrae geld vir sekere sake te skenk en borgskappe van miljoene rande aan te gaan, maar hulle verwag erkenning daarvoor. Almal moet dit weet ter wille van die **reklamewaarde** wat dit het. *Groot weldoeners* se name kom soms op geboue of hulle word op ander maniere vereer.

Hierdie weduwee het gegee terwyl sy **goed geweet** het dit sou nie met haar gebeur nie. Ander mense sou haar eerder *beskinder* as bewonder het vir haar gawe. Sy kon eerder ‘n *dwarsklap* as applous te wagte wees!

**2.2** **Sy gee al kan sy dit nie eintlik bekostig nie.** Sy kon mos maar gereken het: *“Ek gaan nou deur ‘n moeilike tyd, dus gaan ek maar liewer wag totdat ek dit weer kan bekostig en dan sal ek opmaak met ‘n groot bydrae.”* Maar sy gee liewer **alles** wat sy het.

**2.3** Haar geld sê: **“Kyk hoe vertrou sy die Here!”** As sy ***nie*** vertrou het dat die Here wel sal voorsien wat sy nodig het nie, sou sy nooit gegee het wat sy gegee het nie. Om ‘n **fooitjie** vir die Here te gee vra nie vertroue nie. Om te **gee wat oor is** nadat ek eers in al my ander behoeftes voorsien het, vra ook nie vertroue nie. Paulus verwys na die Macedoniërs as hy skryf: *“... eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil.”* (2 Kor 8:5) DIT is die vertroue waarmee ons moet bydra – <u>onsself</u> …

**2.4** Wanneer ‘n mens ‘n OFFER vir die Here gee, iets wat jou iets KOS, sê dit ook: “**Kyk hoe dankbaar is hy/sy teenoor die Here!”** Die hele wêreld se aandag was die afgelope tyd en veral Woensdag toegespits op die reddingsaksie van die **mynwerkers in Chili**. Iemand het dit beskryf as ‘n **nuwe geboorte** vir daardie 33 mans. Hulle het as’t ware **uit die graf** en uit die dood opgestaan. *Hoe dankbaar* is hulle nie teenoor God en die mense wat die redding moontlik gemaak het nie!

Een van hulle het nadat hy uit die reddingskapsule geklim het, sommer net daar op sy knieë gesak en God gedank.
Netso het God **ons ook** uit die *duisternis* gered tot sy wonderbare lig; 'n *nuwe geboorte* gegee; saam met Christus uit die dood laat *opstaan*. Sal ons Hom dan nie **ewig** daarvoor dankbaar bly nie? En ook dankbaar wees **vir die kerk** wat deur die eeue die **draer en instrument** van die reddingsboodskap was en is nie?

3. Ek dink daar is 'n hele paar **belangrike lesse** om uit hierdie gebeure te leer.

3.1 **Die verhaal plaas ryk en arm op gelyke voet**. Rykes en armes kan nie *ewe duur geskenke* aan mense bekostig nie. Vir God gaan dit gelukkig nie daarom dat ons aan Hom duur geskenke moet gee nie. Niemand wat nie baie het om te gee, hoef te dink dat die Here hom/haar **minder lief gaan hê**, sy/haar bydrae van **minder waarde** gaan beskou of **minder ingenome** daarmee sal wees nie. 'n Paar rand kan 'n **helder en duidelike boodskap** aan die Here oordra wat vir Hom aanneemlik is. Die belangrikste is nie **hoeveel** ek gee nie, maar **watter boodskap** dra ek met my gawe aan die Here oor? Wat sê dit vir Hom?

3.2 Dis duidelik dat **ons gesindheid** vir Jesus belangriker is as die bedrag. *"Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks."* (1 Kor 13:3)

3.3 Dit leer ons dat Jesus **tevrede is met ons beste**, al is dit min.

**Ja, Geld praat!**
Dit praat oor my **liefde vir God**, vir sy **kerk** en vir 'n **wêreld** wat nog verlore is in sy sonde.
Dit praat oor my **dankbaarheid** teenoor Hom.
Dit praat oor my **vertroue** in Hom.
'n Mens wil sommer soos hierdie weduwee AL jou geld vir Hom weggee!
Maar Hy sê vir ons dis nie nodig nie. Ek hoef nie alles wat Hy my gegee het, weer aan Hom terug te gee nie - ek kan maar 9/10 daarvan vir myself hou!

Amen.
17/10/10

GESELS OOR:
Wat in die preek/ Skrifgedeelte het jou getref/ gepla/ laat verander?
Hoe het jy daarna gevoel?

Dink jy daar is waarde in iets soos ‘n Lofoffermaand?